

OLX Geklassifiseerd
kalahari.com

Careers24 | Property24 | Wheels24 |

Rapport



Op vierke: Leeuplesier

Die volgende oomblik staan 'n maanhaar daar voor ons. Ongelooflik is die gesig, met die groot bruin lyf afgeëts teen die agtergrond van die donker pad...



Kop & Hart: Die geheim van 'n gelukkige lewe

Die lewe is. Daar is geen uitgewerkte of meesterplan nie. Die lewe ontvou eenvoudig in elke oomblik, met die uitsluitlike doel: Lewe. Kyk maar na 'n boom...

Soek

Argiewe

Tuis Nuus Sport Sake MyRapport Bylaes Koerante Rapport Weekliks Blogs

Die baanbrekers wat renosterlewens red

2014-04-26 22:59

Elise Tempelhoff

Artikelopsies Deel Kry Rapport op

Die renosterkoei Thandi het bewegingloos in 'n plas bloed gelê toe dr. William Fowlds, 'n wildveearts van die Oos-Kaap, op 2 Maart 2012 in die veld op haar afgekrom het.

Haar hele gesig was weggekap.

Fowlds het onmiddellik die chirurge drs. Johan Marais en Gerhard Steenkamp van die Universiteit van Pretoria se fakulteit veeartsenykunde by Onderstepoort laat kom om te kyk of hulle haar lewe kan red.

Hy het amper begin huil toe hy Thandi sien, sê Marais. "Ek het aan die bewege gegaan."

Hy het sy emosies opsy geskuif en Thandi met die narkosemiddel M99 (etorfien) ingespuut om die pyn te verlig.

Toe het hy en Steenkamp stukkie vir stukkie los vel, vleis en been begin afsny en terselfdertyd probeer om die strome bloed te stop.

Hulle hét Thandi gered. Haar gesig is ná twee jaar so goed moontlik reggemaak, maar daar sal nooit weer 'n horing uit haar groei nie.

Marais en Steenkamp het sedert 2011 rekonstruksies gedoen op sowat 60 renosters wat landwyd slagoffers van stropery was.

Sowat 55 leef nog. Talle word steeds behandel omdat dit tot byna 18 maande kan duur voor sommige van die diere "gesond" is.

Marais was vroeër vandeemaand een van die sprekers by die internasionale beraad van Outraged South African Citizens Against Poaching (Oscap) by Onderstepoort oor die lewensvatbaarheid van die oopstel van handel in renosterhoring.

"As iemand drie jaar gelede vir my gesê het ek gaan rekonstruksie-operasies op renosters uitvoer, sou ek hulle nie geglo het nie."

Wat hy en sy kollega die laaste jare gedoen het, is in baie gevalle baanbrekerswerk.

Tot onlangs het wildveeartse min van die anatomie en fisiologie van renosters geweet.

"Wildveeartse het hulle voorheen nie veel aan hierdie diere gesteur nie, maar skielik is hulle in die kollig omdat hulle met twee stukke goud op hul koppe rondloop," sê Marais.

"Vandag weet ek en Gerhard heelwat meer van hul gesigte, maar nog bittermin van die res van die lyf, soos die anatomie van hul bene.

"Maar ons weet darem al hoeveel antibiotika, pynstillers en verdowingsmiddels hulle moet kry."

Marais sê hulle "leen" baie van dit wat hulle weet van perde omdat sekere liggaamsdele in 'n mate ooreenstem.

Die werk wat hy en Steenkamp tans doen moes al tien jaar gelede gedoen gewees het, sê hy. "Ek hoop nie die tyd is te min vir renosters nie omdat hulle met so 'n geweldige tempo, sowat drie per dag, gestroop word."

Die navorsers by Onderstepoort het daarin geslaag om driedimensionele beelde te maak van die renoster se kop.

MEESTE GELEES | E-POS | KOMMENTAAR

Op vierke: Leeuplesier

Kop & Hart: Die geheim van 'n gelukkige lewe
As die wêreld aan jou deur klop
Verstormend sexy op 'n swanger 40
Fluister in 'n hoekie sal Afrikaans niks help

Weer

Ksd: 13-21°C **Pta:** 2-20°C
Jhb: 2-15°C **Bfn:** -3-17°C
Dbn: 7-24°C **PE:** 7-23°C
[7-dag-voorspelling...](#)

BETREKKINGE - VIND JOU DROOMWERK

Social Media Agent

Cape Town Southern Suburbs

Dialler Administrator - FinChoice

Cape Town Southern Suburbs

Learning & Development Coordinator

Cape Town Southern Suburbs

SOEK DEUR NOG WERKE...

Mafikeng Jobs

East London Jobs

KwaZulu Natal Jobs

Call Centre Jobs

IT Jobs

Insurance Jobs

Registreer jou CV...

Adverteer 'n pos

Aanduidings van werke via e-pos...

EIENDOMME - VIND 'N NUWE HUIS

REIS - BESOEK, BESPREEK, LAAT WAAI!

KALAHARI.COM - DOEN VANDAG JOU INKOPIES AANLYN



Maak gereed vir die 2014 FIFA-Wêreldbeker!

Met die FIFA-Wêreldbekerkoors wat hoog loop, is dit nou die tyd om seker te maak dat jy alles het wat jy nodig het om te deel in die vreugde van dié uitsonderlike geleentheid. Van die DSTv Explora tot LED-TV's – ons het wat jy nodig het. Koop nou!

Besoek www.kalahari.com vir miljoene boeke, musiek, DVD's, games & meer!



Dit help om vas te stel hoe chirurgiese ingryping moet werk.

Horings van renosters wat 'n stroping oorleef het, groei baie selde terug omdat die horing se groeiplaat dikwels ook uitgekap is, sê Marais.

As die groeiplaat beskadig is, groei die horing meestal misvormd terug. Om dit te voorkom, word die stukke van die groeiplaat wat agtergebly het, chirurgies verwyder.

Marais sê dit kos baie geld om 'n renoster se lewe deur so 'n ingryping te red.

Thandi is nou dragtig, sê hy.

"Die kalfie kom teen die einde van die jaar en gaan beslis horings hê.

"Dit is ons suksesverhaal én ons poging om hierdie kwesbare spesie te help oorleef.

"Ma en kalfie sal soos goud opgepas moet word, sê Marais.



Dr. Johan Marais, 'n chirurg wat rekonstruksie op renosters doen. | Foto: brendan croft

e-pos artikel Druk artikel KRY RAPPORT OP: **Jou selfoon**

DEEL: **Yahoo** **Google** **Digg** **del.icio.us** **Facebook** **Twitter**

[Lees Rapport se kommentaarbeleid](#)

LEWER KOMMENTAAR OP HIERDIE ARTIKEL 3 reaksies

LEWER KOMMENTAAR

Kommentaar 1500 oorblywende karakters

f POS KOMMENTAAR



Rita Snyman - April 27, 2014 om 07:41

Kommentaarbeleid

Rapporteer

Waarom wil die mens die kroon op die skepping alles vernietig En verniel, Die diere so pragtig en saggelaar so skenk met soveel pyn agterlaat, sny die blikkottels se neuse ook kan kan ons almal sien wie die vernietigingswerk doen. Baie dankie vir hierdie Engele op aarde wat hierdie diere versorg en help, mense wat se' hulle het nog nooit Engele gesien nie kan na hierdie foto kyk, die arme onskuldige diere nie eers n' moordenaar of molestreerder word so behander nie. Dankie vir die wonderlike werk wat u doen.

0 0 [Antwoord Rita Snyman](#)



Marie Diesel - April 27, 2014 om 22:01

Kommentaarbeleid

Rapporteer

Ek sit hier met tranë in my oë hierdie artikel en lees en kan net dankie sê dat daar mense soos hierdie engel hier bo is wat nog omgee. Dankie Drs. Johan en Gerhard vir wat julle bereid is om te doen. God

seen julle.

0 0 [Antwoord Marie Diesel](#)**Celeste Saunders** - Mei 4, 2014 om 09:52

Kommentaarbeleid

Rapporteur

Dis 'n wonderlike storie, het my laat huil van blydskap!!! Dis God wat deur die mense werk om Sy skepping te red!!!

0 0 [Antwoord Celeste Saunders](#)**Ander stories in... Nuus...****Paul sê: 'Sjym vir jou geheim'**


Dit moes alles 'n geheim wees: Die versoek dat Paul O'Sullivan, een van die land se bekendste private ondersoekers, inligting moet help versamel oor die grootbaas van die Suid-Afrikaanse Lugdiens.

Wêreld se grootste olifant gestroop

Die 45-jarige olifant, bekend as Satao, is vermoedelik reeds verlede maand met gifpyle in die uitgestrekte natuurreservaat in die suidooste van Kenia doodgeskiet.

Ná lang pad skei Blohm en vrou

"Die besluit om ons huwelik te beëindig is as gevolg van 'n sameloop van omstandighede. Daar het baie water in die see geloop."

B I N N E R A P P O R T**Hanlie Retief gesels met Pikkie Greeff**

Die weermag wil hom stilmaak, maar sal dit nie regkry nie.

**Sokkie aan die ander voet**

ANC-planne ná swakker kiesersteun en verwagte druk van links.

**Bloedgeld koop voorspoed**

Renosterstropery: 'n Verlore stryd vir 'n jongman in Massingir, Mosambiek.

**Hoop verkrummel**

Noodlot tref gesin uit Zimbabwe wat van armoede wou weglug.

D I E N S T E**Blogs**

Jou opinie oor alles en almal.

**Kontak ons**

Stuur jou brief aan Rapport

**Subskripsies**

Teken in op Rapport

**RSS**

Nuus eenvoudig afgelewer

24.com

Bepalings En Voorwaardes · Vennote · Adverteer Op Rapport.co.za · Adverteer In Rapport · Kontak Ons
© 2014 24.com. Alle Regte Voorbehou.

